WOMEN AT WORK
ONLINE MINISTRIES

W@W Online Study Group

# Vergifnis Verander Verhoudings Reeks

## *Welkom en Inligting Gids*



Women@Work for God

*"Doing life together to glorify God and advance His Kingdom"*

www.womenatwork.live

WOMEN AT WORK
W@W
ONLINE GROUP

# WELKOM!

## VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS REEKS



Mariana Carroll

Dit is 'n groot voorreg om jou te verwelkom by ons W@W aanlyn reeks: ***VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS*** met Esté Geldenhuys.

Ons dien 'n groot en almagtige Vader God, wat oorloop van liefde. Sy plan vir verhoudings is gegrond op liefde. En daarom het Hy ook vir ons die grootste geskenk van liefde gegee, Jesus, sodat ons nie vasgevang in sonde, bitterheid, onvergewensgesindheid, haat en gebroke verhoudings hoef te lewe nie, maar lewens van hoop, liefde en vrede kan lééf!

Verhoudings is belangrik vir ons Vader God!

Kyk wat sê Paulus in Efesiërs 4:2-3 (Die Boodskap vertaling): *"... behandel ander mense so dat dit vir hulle lekker is om by julle te wees. As iemand jou kwaad maak of irriteer, beheer jouself deur steeds mooi teenoor hom op te tree. Laat liefde julle lojaal teenoor mekaar hou, ook wanneer julle voel julle het nou vir eers genoeg van mekaar gehad. Die Heilige Gees het van ons een hegte span vir God gemaak. Hierdie "een-wees" en "saam-wees" moet ons tot elke prys bewaar. Ons moet nie toelaat dat enigiets tussen ons kom wat die goeie verhouding tussen ons bederf nie. God is nie verdeel nie".*

Is jy gereed om jou hart te ondersoek, om Jesus te vertrou om verhoudings te herstel en liefde en vrede eerste te plaas?

Die **VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS** met Esté Geldenhuys strek oor 8 weke. Ons ontmoet elke Woensdagoggend, via Zoom, van 8:00-9:00vm. Ons het ook verdere kommunikasie gedurende die week deur middel van ons Facebook en WhatsApp groepe.

Jy is welkom om die uitnodiging en registrasie skakel aan te stuur na jou vriendinne. Dis 'n wonderlike platform om saam te leer en groei.

**REGISTREER HIER!**

Mag ons Vader God verheerlik word deur ons verhoudings!

Al my liefde,
*Mariana*

# WELKOM!

## VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS REEKS



Inleiding tot Esté Geldenhuys.

***Esté** Geldenhuys*

Esté Geldenhuys is gebore en het grootgeword in Kroonstad. Sy studeer drama op Stellenbosch Universiteit waar sy ook haar man Coert, 'n woud-ekoloog ontmoet. Coert en Esté is steeds buitelewe mense.

Omdat Coert se werk hom Suid-Kaap toe neem, woon hulle 21 jaar in George. Hulle vier kinders is daar gebore. In George was Esté by baie dinge betrokke, van onderwys en Voortrekkers, kuns en kultuur deur tot by die verkoop van eiendomme – alles in voorbereiding vir wat sy later in Pretoria sou doen.

Einde 1991 verhuis die gesin na Pretoria en dit is waar Esté betrokke geraak het by Radiokansel. Haar stem was 23 jaar lank elke week op die lug. Dit was 23 jaar wat ons Vader gebruik het om haar dieper te neem tot in die Woord, om haar bewus te maak van Woord-waarhede en om die moed te hê om die Woord sonder skroom en met eerlikheid oor te dra.

Op die oomblik hanteer sy steeds die program Padlangs op Kruiskyk-TV en sy geniet elke oomblik daarvan. Daar is baie vrouekampe en ander geleenthede waar sy as bedienaar van die Woord optree. Esté neem ook minstens twee maal per jaar groepe na Israel waar die Woord vir mense in volkleur oopgaan.

Om te skryf is 'n kleintyd-droom wat vir Esté waar geword het. Watter vreugde om oor dinge te dink en dit dan op papier uit te spel met die gebed dat dit ander mense ook aan die dink sal sit!

Om in opregtheid en waarheid voor ons Skepper-God te leef is Esté se passie. Haar vreugde is om dan uit te gaan en hierdie selfde waarheid so te gaan leef dat Jesus se gebed "soos in die hemel, so ook op die aarde" deur haar lewe begin manifesteer.

Esté se liefde vir God Drie-Enig dring haar om die evangelie van die Koninkryk waarlik te lééf!

ESTÉ GELDENHUYS
PROMOSIES

MEER OOR ESTÉ

# INLIGTING GIDS

## VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS REEKS

### *VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS*

Vergifnis is die as wat alle wiele in die Koninkryk van die Almagtige Skepper laat draai. Sonder vergifnis is daar geen vrede nie. Sonder vrede, geen verhouding nie. Sonder verhouding leef die mens in eensaamheid met die uitdaging om self reg te kom, sonder innerlike rus. Gebrek aan vergifnis teel bitterheid en selfs vrees en hierdie kombinasie maak mense fisies siek. Hierdie bitterheid en vrees sluit die individu op in 'n gevangenis en die enigste sleutel om daar uit te kom - is vergifnis.

Ontdek die volheid van die gawe van vergifnis en leef in die oorwinning wat die vryheid daarvan meebring.

### *OORSIG EN FORMAAT*

Hierdie reeks bestaan uit 8 interaktiewe aanlyn ontmoetings. Die groep kom weekliks, aanlyn bymekaar op 'n Woensdagoggend om 8:00-9:00vm. Ons gebruik elke week dieselfde Zoom ID. In die eerste 45 minute gesels Esté met ons oor vergifnis, herstel en verhoudings. Daarna sluit ons af met 'n interaktiewe groep bespreking.

### *BELANGRIKE INLIGTING*

***Eerste sessie:*** Woensdagoggend, 9 Mei 2018 om 8:00-9:00vm

Zoom ID: 927670850

***Taal:*** Afrikaans

***Koste:*** Gratis

***Studie Werkboek:*** 'n Studie Werkboek is elke week beskikbaar en sal deur middel van die WhatsApp groep en epos versprei word. Die Studie Werkboek is in PDF formaat en kan gedruk of elektronies gebruik word. Die Studie Werkboek bevat 'n oorsig van die week se studie, Bybel verwysings, vrae vir oordenking of groepbespreking en spasies om notas te maak.

***Ander benodighede:*** Stabiele Internet konneksie deur middel van 'n rekenaar, tablet of selfoon. 'n Gewone telefoon of selfoon lyn kan ook gebruik word om in te bel – in hierdie geval sal daar geen beeld wees nie.




# INLIGTING GIDS

## VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS REEKS

***STUDIE OORSIG***

***Week 1:*** Verwelkoming en Inligting sessie - Definieer vergifnis
***Week 2:*** Wat is die effek van sonde?
***Week 3:*** Spore in ons harte en ons reaksie daarop
***Week 4:*** Vergewe van harte, nie van koppe nie
***Week 5:*** Vergifnis lê nie lepel met eiegeregtigheid en oordeel nie
***Week 6:*** Demoniese slenters word gebreek deur die krag van die Heilige Gees
***Week 7:*** Vind vervulling in ons Vader – slegs dan kan jy liefhê
***Week 8:*** 'n Suid-Afrika gewortel in liefde!

***ZOOM PLATFORM***

Ons gebruik 'n aanlyn platform, Zoom, om weekliks bymekaar te kom. Kliek op die skakel om die Zoom applikasie te installeer.

Zoom Applikasie

Sodra jy Zoom geïnstalleer het, kan jy elke week op die Zoom ID skakel kliek wat vir jou toegang tot die sessie sal gee. Indien jy enige vrae of tegniese probleme ervaar, kontak ons gerus by info@wow-womenatwork.com of kyk na die "Zoom How To Video".

Zoom ID: 927670850

Zoom How To Video

***KOMMUNIKASIE***

*"Like"* en besoek asseblief ons Facebook blad om seker te maak dat jy die nodige inligting ontvang. Net voordat die reeks begin sal ons ook 'n skakel stuur na 'n geslote Facebook groep waarin jy kan deelneem. Die weeklikse Studie Werkboek sal hier beskikbaar wees, asook verdere studie besprekings, vrae en antwoorde. Belangrike groep inligting sal ook deur gegee word op WhatsApp. Vir enige vrae, kontak ons gerus by info@wow-womenatwork.com.

Facebook Blad

info@wow-womenatwork.com

WOMEN AT WORK
W@W
ONLINE GROUP

# INLIGTING GIDS

## VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS REEKS

***WAT OM VOLGENDE TE DOEN?***

1. Indien jy nog nie **geregistreer** het nie, gaan na https://app.womenatwork.online of kliek hier vir registrasie:

REGISTREER HIER!

* Stuur die registrasie skakel na jou vriendinne, dit is so lekker om weekliks saam te kan kuier rondom God se Woord.

2. **Installeer Zoom.** Sodra jy Zoom geïnstalleer het, kan jy elke week op die Zoom ID skakel kliek wat jou toegang tot die sessie sal gee. Indien jy enige vrae of tegniese probleme ervaar, kontak ons gerus by info@wow-womenatwork.com of kyk na die "Zoom How To Video".

Zoom Applikasie | Zoom ID: 927670850 | Zoom How To Video

3. Kry die weeklikse **Studie Werkboek** op die WhatsApp groepie, epos of Facebook groep. Die formaat is PDF en kan gedruk of elektronies gebruik word.

4. Maak dit 'n prioriteit om tyd saam ons Vader God te spandeer en maak jou hart oop om te hoor en te verstaan watter verhoudings dalk aandag nodig het. Wees oop vir verandering en groei. Gebruik die Studie Werkboek om notas te maak en deel ook wat jy ervaar en leer met ander.

5. Stel vas om getrou elke week by te woon. Of indien iets regtig voorval, om na die opname te kyk (meer inligting hieroor gedurende die eerste sessie).

6. Besoek die Facebook groep gereeld en neem deel aan die besprekings.

Facebook Blad




# INLIGTING GIDS

## VERGIFNIS VERANDER VERHOUDINGS REEKS

***KALENDER***

| | Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Mei** 2018 | | | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 |
| | 06 | 07 | 08 | 09<br>***8-9vm - Week 1***<br>Verwelkoming en Inligting sessie - Definieer vergifnis | 10 | 11 | 12 |
| | 13 | 14 | 15 | 16<br>***8-9vm - Week 2***<br>Wat is die effek van sonde? | 17 | 18 | 19 |
| | 20 | 21 | 22 | 23<br>***8-9vm - Week 3***<br>Spore in ons harte en ons reaksie daarop | 24 | 25 | 26 |
| | 27 | 28 | 29 | 30<br>***8-9vm - Week 4***<br>Vergewe van harte, nie van koppe nie | 31 | 01 | 02 |
| **Junie** 2018 | 03 | 04 | 05 | 06<br>***8-9vm - Week 5***<br>Vergifnis lê nie lepel met eiegeregtigheid en oordeel nie | 07 | 08 | 09 |
| | 10 | 11 | 12 | 13<br>***8-9vm - Week 6***<br>Demoniese slenters word gebreek deur die krag van die Heilige Gees | 14 | 15 | 16 |
| | 17 | 18 | 19 | 20<br>***8-9vm - Week 7***<br>Vind vervulling in ons Vader – slegs dan kan jy liefhê | 21 | 22 | 23 |
| | 24 | 25 | 26 | 27<br>***8-9vm - Week 8***<br>'n Suid-Afrika gewortel in liefde! | 28 | 29 | 30 |

*"Ek wil hê dat julle mekaar moet liefhê, net soos Ek julle liefhet. En hierdie liefde is nie net iets oppervlakkigs nie. As jy regtig jou liefde wil 'toets', toets dit hieraan: liefde beteken om bereid te wees om doodgemaak te word ter wille van jou vriende, net omdat hulle jou vriende is".*
**Johannes 15:12-13**